HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

SPESIFIEKE OUEROMSENDBRIEF NOMMER 7 VAN 2012

3 Februarie 2012

Geagte Ouers/Voogde

NA-UURSE VAK (MUSIEK)

Leerders kan musiek as ‚n na-uurse vak in gr 10, 11 en 12 neem. Dit word egter ook gedurende die oggend as sewende vak aangebied.

BEGINSELS EN VEREISTES BY DIE NEEM VAN NA-UURSE VAKKE

- Na-uurse vakke is gemik op die akademies sterker leerders en daarom word ‘n minimum van 65% **gemiddeld vir sy/haar** 7 **vakke vir toelating tot ‘n na-uurse vak vereis.**
- Daar word verwag dat die leerder alle vakke wat hy/sy neem, met minstens 65% sal slaag.
- Leerders wat ‘n na-uurse vak neem, moet aan dieselfde vereiste voldoen, in terme van bv. praktiese werk en portefeuljestukke as leerders wat die vak as deel van sy sewe vakke in die rooster neem.
- Die leerders skryf ook op dieselfde tyd dieselfde toetse en eksamens en sy/haar uitslae word op die rapport aangedui, al neem die leerder die vak buite die skool.
- Indien ‘n vak slegs na-uurs aangebied word en ‘n leerder staak ‘n vak wat binne skoolure val, (*in uitsonderlike gevalle met spesiale vergunning van die Hoof)*, kan hierdie na-uurse vak sy sewende vak vervang, maar die leerder bly nog steeds verantwoordelik vir die betaling van die buitemuurse vak, al is daar ‘n opening op die skoolrooster.
- By die berekening van akademiese toekennings word die leerder se sewe beste vakke gebruik met dien verstande dat dit die vakke wat die leerder nodig het vir Baccalaureus graad-, diploma- of hoër sertifikaatstudie soos gepubliseer in die Staatskoerant vir toelating tot hoër onderwys, insluit.

FINANSIES

'n Bedrag van R2 100 per leerder per jaar word vereis vir na-uurse vakke. Vir musiek moet die bedrag direk aan die Magneetskool vir Musiek betaal word. Die wyse van betaling word in die aangehegte ooreenkoms uiteengesit. Die registrasievorm moet asseblief volledig voltooi word en by die betrokke vakonderwyser ingehandig word voor of op 28 Februarie 2012.

T VAN WYK
Departmentshoof: Musiek

P BOOYSEN
Hoof

0810AL/Word

INSKRYWINGSVORM : NA-UURSE VAK (MUSIEK)

Van: _____ Naam : _____ Gr. : _____

Huidige vakke	**Punt 2011**
1. ……	…….
2. ……	…….
3. ……	…….
4. ……	…….
5. ……	…….
6. ……	…….
7. ……	…….

Ek, ……., ouer van …… in gr. …. neem kennis van vereistes en reëlings soos in Spesifieke Oueromsendbrief 7 van 2012 uiteengesit.

Na-uurse vak(ke) _____

Ek sluit hierby die bedrag van R2 100 ter betaling van die opsie wat ek kies, in. (Merk asseblief u opsie).

☐ Eenmalige bedrag van R2100.

☐ Eerste betaling voor of op 28 Februarie 2012
Tweede betaling voor of op 31 Maart 2012
Derde betaling voor of op 30 April 2012
} 3 x R700

Die bedrag vir die na-uurse vak (musiek) is **direk** aan die Magneetskool vir Musiek betaalbaar.

Bankbesonderhede : ABSA
Randburg
Rek no : 170 680 065
Takkode : 632005
Verwysing : MMS; Kind se naam en 8ste Vak
Bewys van betaling : Word aan me Trudi van Wyk gestuur.

Ek besef dat indien daar nie by die betalingsooreenkoms gehou word nie, my kind nie die eksamen in die betrokke vak/ke sal kan aflê nie en dat onderrig verder geweier sal word.

Handtekening van ouer/voog : _____ Datum: _____

Kontaknommers: (H)_____ (Sel) _____ (W)_____